

18 November

Jona 4

Aanvaar God vir wie Hy is

Jona vind dit moeilik om die Here te aanvaar vir wie Hy is en wat Hy doen. Hy wil eerder hê dat God moet optree soos wat hy verwag. Daarom verwyf hy God omdat Ninevé gespaar is. Hy regverdig ook sy eie vroeëre ongehoorsaamheid - hy het geweet dat die stad gespaar sou word en daarom wou hy nooit daarheen gaan nie. Hy bely dat die Here genadig, barmhartig, lankmoedig en goedertieren is, maar hy wil nie die praktiese gevolge daarvan aanvaar nie. Hy besef nie dat hierdie eienskappe juis die rede is waarom hy sêlf met God versoen is nie. Hy is bly as God hóm red uit die vis en deur 'n boom se skaduwee, maar kwaad as Ninevé gered word. Steeds bly die Here geduldig met sy profeet. Jona moet deur selfondersoek besef dat God reg optree. Met sy laaste vraag ontbloot die Here aan Jona sy selfgerigtheid - hy huil oor sy eie ongerief maar het geen medelye met die lewens van 'n hele stad nie. God kan aan hom genade bewys maar aan niemand anders nie. Maar soos Jona oor die plant en homself voel, voel die Here oor elkeen wat gelowig na Hom roep. Ter wille van Jesus se kruisoffer voel die Here ook so oor jou en my. Dit pas nie by gelowiges om die Here in 'n rigting te wil forseer of om opstandig te wees wanneer Hy anders optree as wat ons verwag nie. Dis juis omdat Hy is wie Hy is en doen wat Hy doen dat ek en jy verlos is en die ewige lewe het.

Sing: Psalm 131:1, 2, 3

Ds. J.J. Viljoen (Orkney/Stilfontein)